Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Verslag ◆ Ingxelo ◆ Report

Kantoor van die Direkteur: Finansies
22 Februarie 2010

5/1/1/1-09/10
5/1/1/2-09/10
WYK: Alle

ITEM 8.2 VAN DIE AGENDA VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 25 FEBRUARIE 2010

ONDERWERP: AANSUIWERINGSKAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2009/2010 FINANSIËLE JAAR
SUBJECT: ADJUSTMENT CAPITAL AND OPERATING BUDGET FOR THE 2009/2010 FINANCIAL YEAR

1. **AGTERGROND/BEREDENERING**

Vanweë veranderde omstandighede en behoeftes, is die Raad genoodsaak om sy kapitaal en bedryfsbegroting vir 2009/2010 aan te suiwer in terme van Artikel 28 van die MFMA Wet 56 van 2003.

2. **BESPREKING**

Ander items in die kapitaalbegroting is verimente tussen begrotingsposte maar word in terme van die GOP aan die Raad voorgelê vir goedkeuring. Items wat geraak word deur veriment, asook onvoltooide projekte vir 2008/2009 en nuwe projekte vir 2009/2010 toegeskryf aan noodsaaklikheid.

3. Soos die Raad uit bygaande skedules van nuwe versoeke ten opsigte van Kapitaal sowel as Bedryfsitems onderskeidelik ten bedrae van R 2 025 000 en (R 3 649 920) R3 225 920 (**R 424 000 algemene waardasie** na 2010/2011) sal opmerk, word die nood by die dag net eenvoudig meer en meer. Ongelukkig kan nie dieselfde gesê word dat die Inkomste dienooreenkomstig verhoog het nie en moet die Raad nou noodgedwonge die addisionele versoeke ten opsigte van Bedryfsuitgawes ten bedrae van nagenoeg **R 3 225 920** uit sy onaangewende oorskotrekening finansier. Soos reeds in die verlede aan die Raad verduidelik is hierdie manier van finansiering uiters ongesond wat oor die medium tot lang termyn die Raad in insolvensie sal dwing.

4. **AANBEVELING**

1. Dat goedkeuring verleen word vir die veriment van fondse tussen kapitaalprojekte soos aangedui in die aangehegde skedule van kapitaalitems t.o.v. die aansuiweringskapitaalbegroting vir 2009/2010, asook ongespandeerde kapitaal, en nuut voorgestelde projekte vir 2009/2010 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan.

2. Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word i.t.v. die MFMA en Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word.

3. Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou i.t.v. verhoogde tariewe vir die 2009/2010 finansiële jaar betreffende rente op die eksterne lening en waardevermindering nie.

4. Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings t.o.v. die 2008/2009 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2009. Die Raad het reeds in beginsel goedkeuring verleen op 'n Raadsvergadering gehou op 27 Augustus 2009, item 8.9 en 8.10 dat ongespandeerde staatsfondse asook Kapitaalprojekte na 2009/2010 oorgedra kan word. Wysigings ten opsigte van voormelde en opdaterings van nuwe versoeke asook verimente is vervat in bygaande skedules en sal die Direkteur: Finansiële Dienste aan die Raad toegelig word indien enige onduidelikheid in hierdie verband.

5. Dat goedkeuring verleen word om die goedgekeurde kapitaal en bedryfsbegroting vir 2009/2010 as volg te wysig:

Kapitaal:	R 56 128 000	na	R 75 143 950.00	R 66 263 950.00
Bedryfs uitgawe:	R 267 480 989	na	R 306 574 097.18	R306 150 097.18
Bedryfs inkomste:	R 284 131 667	na	R 289 585 918.18	R289 585 918.18
Surplus i.t.v GRAP:	R 16 650 678	na	R 27 399 707.40	R 27 823 707.40
Netto kontant tekort van	R 6 892 621	na	R 9 956 478.00	R 9 532 478.00

6. Sonder om die **ernstige bekommernis en die bykans paniekerige gevoel** van die Direkteur: Finansiële Dienste te herhaal, moet die Raad met erns kennis neem dat die operasionele vereistes van die Swartland Munisipaliteit onbekostigbaar raak vir sy gemeenskap in ag genome die ekonomiese toestand wat nie net in Suid-Afrika heers nie, maar wêreldwyd, en dienslewering onbekostigbaar raak. Soos die Raad reeds maandeliks ingelig word dat uitstaande debiteure met rasse skrede toeneem, is dit duidelik dat die gemeenskap gebuk gaan onder die ekonomiese druk.

7. Dat die Raad goedkeur dat die begrote Bedryfstekort van (R 16 988 179) **R 16 564 179.00** (in terme van GRAP) uit die onaangewende oorskotrekening gefinansier kan word. (Was R 13 924 322).

8. Dat die Raad goedkeuring verleen vir die wysiging in die Kapitaalbegroting vanaf R 56 128 000 na R 75 143 950 **R 66 263 950.00** wat as volg gefinansier word:

Goedgekeur – Eksterne lenings	R 15 200 000	**nou** R 0
Kapitaal vervanings reserwe fonds	R 22 433 000	**nou** R 50 143 950
Toekennings en Subsidies	R 23 495 000	**nou** R 36 719 017
		nou R 27 839 017

Die Raad moet daarop let dat voormelde kapitaalbedrae 'n bedrag van R 11 663 302 insluit ten opsigte van onvoltooide kapitaalprojekte wat in die 2008/2009 finansiële jaar in "werk in proses" was.

RESOLVED

(a) That, due to the urgency of the matter, approval is given to the transfer of funds between capital projects, unspent capital and newly proposed projects as indicated in the attached schedule of capital items with respect to the 2009/2010 Budget Adjustment;

(b) That the necessary statutory documentation is finalised in terms of the MFMA, and that the National and Provincial Treasuries are informed accordingly;

(c) That the adjustment has no increased financial implications for the Council in terms of increased tariffs for the 2009/2010 financial year with respect to interest on external loans and depreciation;

(d) That approval is given for the transfer of unspent funds from state grants, as well as unspent funds from capital projects with respect to the 2008/2009 financial year as shown in the Council's financial statements of 30 June 2009. The Council has already approved this in principle during the Council Meeting held on 27 August 2009 (items 8.9 and 8.10). The amendments with respect to the above mentioned, updated new proposals as well as transfers are contained in the schedules attached to the report;

(e) That approval is given to amend the approved Capital and Operating Budgets for 2009/2010 as follows:

Capital:	R 56 128 000,00	to	R 66 263 950,00
Operating expenses:	R267 480 989,00	to	R306 150 097,00
Operating income:	R284 131 667,00	to	R289 585 918,18
Surplus i.t.o. GRAP:	R 16 650 678,00	to	R 27 823 707,40
Net cash shortfall of:	R 6 892 621,00	to	R 9 532 478,00

(f) That – as already stated by the Director: Financial Services with **extreme concern and a feeling of panic –** it is noted that the operational requirements of the Swartland Municipality are becoming unaffordable to the community. The weak economic state of affairs, not only in South Africa but world wide, is a contributory factor and the increasing number of outstanding debts reported monthly to the Council reflects that the community is buckling under the economic pressure;

(g) That approval is given that the budgeted operating shortfall of R16 564 179,00 (in terms of GRAP) is financed from the un-appropriated surplus account (was R13 924 322,00);

(h) That approval is given for the amendment of the Capital Budget from R56 128 000,00 to R66 263 950,00 which will be financed as follows:

Approved			
External loans	R15 200 000,00	**now**	R0
Capital replacement reserve funds	R22 433 000,00	**now**	R50 143 950,00
Grants and subsidies	R23 495 000,00	**now**	R27 839 017,00

Councillors must also note that the above mentioned capital amounts include an amount of R11 663 302,00 with respect to capital projects not completed in the 2008/2009 financial year and which were “work in progress”.

BESLUIT

(a) Dat, weens die noodsaaklikheid daarvan goedkeuring verleen word vir die veriment van fondse tussen kapitaalprojekte, ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte soos aangedui in die aangehegte skedule van kapitaalitems ten opsigte van die 2009/2010 Aansuiweringskapitaalbegroting;

(b) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2009/2010 finansiële jaar betreffende rente op die eksterne lening en waardevermindering nie;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings, asook ongespandeerde fondse van kapitaalprojekte ten opsigte van die 2008/2009 finansiële jaar soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2009. Die Raad het reeds in beginsel goedkeuring hiervoor verleen op ‘n Raadsvergadering gehou 27 Augustus 2009 (items 8.9 en 8.10 verwys). Die wysigings ten opsigte van voormelde, opdaterings van nuwe versoeke asook verimente is vervat in die skedules tot die verslag;

(e) Dat goedkeuring verleen word om die goedgekeurde Kapitaal- en Bedryfsbegroting vir 2009/2010 as volg te wysig:

Kapitaal:	R 56 128 000,00	na	R 66 263 950,00
Bedryfsuitgawe:	R267 480 989,00	na	R306 150 097,00
Bedryfsinkomste:	R284 131 667,00	na	R289 585 918,18
Surplus i.t.v GRAP:	R 16 650 678,00	na	R 27 823 707,40
Netto kontant tekort van:	R 6 892 621,00	na	R 9 532 478,00

(f) Dat – soos reeds deur die Direkteur: Finansiële Dienste met **ernstige bekommernis en bykans paniekerige gevoel** vermeld – kennis geneem word dat die operasionele vereistes van Munisipaliteit Swartland onbekostigbaar raak vir sy gemeenskap. ‘n Bydraende faktor is die swak ekonomiese toestand wat heers, nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd en dui die styging in uitstaande debiteure wat maandeliks aan die Raad gerapporteer word daarop dat die gemeenskap gebuk gaan onder die ekonomiese druk;

(g) Dat goedkeuring verleen word dat die begrote bedryfstekort van R16 564 179,00 (in terme van GRAP) uit die onaangewende oorskotrekening gefinansier word (was R13 924 322,00);

(h) Dat goedkeuring verleen word vir die wysiging in die Kapitaalbegroting vanaf R56 128 000,00 na R66 263 950,00 wat as volg gefinansier word:

Goedgekeur/...

Goedgekeur			
Eksterne lenings	R15 200 000,00	**nou**	R0
Kapitaal vervangings reserwe fonds	R22 433 000,00	**nou**	R50 143 950,00
Toekennings en Subsidies	R23 495 000,00	**nou**	R27 839 017,00

Raadslede moet daarop let dat voormelde kapitaalbydrae ‘n bedrag van R11 663 302,00 insluit ten opsigte van onvoltooide kapitaalprojekte wat in die 2008/2009 finansiële jaar “werke in proses” was.

AFSKRIFTE:

1. Begrotingskantoor (E Paulse) – (b), afstuur van dokumente ingevolge art 28(7), saamgelees met art 24(3) van die MFMA na Nasionale en Provinsiale Tesourier binne 10 werksdae (elektronies en skriftelik);
2. Admin Beampte – plaas besluit en begroting op webwerf en adverteer ingevolge art 21A van Stelselswet in plaaslike pers binne 10 werksdae
3. MB/DF – kennisname